ie

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1410**(A)**(J15)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE SKAKELWESE N5

(**5070035**)

15 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE SKAKELWESE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Netheid, styl en uitleg van antwoorde is belangrik.
6. Let op na die toekenning van punte in hierdie vraestel.
7. Beantwoord al die vrae binne die praktiese konteks van die gegewe situasie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Jy is ‘n openbare skakelwesepraktisyn vir die PixelStack Advertising Agency. Jou maatskappy is gasheer van ‘n funksie vir potensiële kliënte op 30 Junie 2018. Die byeenkoms sal by die Hans Merensky Golf Estate in Phalaborwa gehou word.

Beplan ‘n openbare skakelweseprogram vir die byeenkoms deur die SEWE sleutelelemente van ‘n openbare skakelweseprogram te gebruik. Gebruik elke sleutel as ‘n besprekingspunt vir die antwoord. (7 + 23) (30)

1.2 Gedurende die byeenkoms sal baie potensiële nuwe kliënte ontmoet word. Dit is daarom belangrik dat die openbare skakelwesepraktisyn ‘n professionele beeld uitstraal deur al die nodige inligting aangaande die onderneming byderhand te hê.

Noem VYF frontliniekennis items wat geredelik beskikbaar moet wees. (5 × 2) (10)

1.3 Identifiseer die eksterne rol wat die openbare skakelwesepraktisyn ten opsigte van elkeen van die volgende openbare groepe speel:

1.3.1 Borge (2)

1.3.2 Aandeelhouers (2)

1.3.3 Die media (2)

1.3.4 Regering (2)

1.3.5 Plaaslike gemeenskap (2)

[50]

VRAAG 2

2.1 Onderwys is ‘n belangrike deel van ‘n openbare skakelwesepraktisyn se loopbaan.

Bespreek VYF studievelde waar die openbare skakelwesepraktisyn waardevolle kennis en ondervinding kan opdoen. (5 × 2) (10)

2.2 Noem VYF doelstellings van interne kommunikasie met werknemers. (5)

2.3 Dit is belangrik vir die openbare skakelwesepraktisyn om te bepaal of die kommunikasie binne ‘n organisasie effektief is.

Noem VYF voorbeelde van instrumente wat gebruik kan word om die effektiwiteit van ‘n maatskappy se interne kommunikasie te bepaal. (5)

Kopiereg voorbehou

2.4 Illustreer die verskil tussen die volgende kategorieë van kommunikasie deur ‘n voorbeeld van elk te voorsien:

2.4.1 Afwaartse kommunikasie

2.4.2 Horisontale kommunikasie

2.4.3 Formele kommunikasie

2.4.4 Wingerdstok (riemtelegram/hoorsê)

2.4.5 Diagonale kommunikasie

(5 × 2) (10)

2.5 Noem en beskryf kortliks VYF instrumente van interne kommunikasie. (5 × 2) (10)

2.6 Noem VYF kommunikasiestyle wat in openbare skakelwese aangetref kan word. (5)

2.7 Noem VYF persoonlike kenmerke van suksesvolle onderhandelaars. (5)
[50]

VRAAG 3

3.1 Gedurende die PixelStack-gebeurtenis, sal jy kliënte van verskillende kulturele agtergronde teenkom. Dit is daarom belangrik dat spesiale aandag aan jou nieverbale kommunikasie gegee word.

Noem VYF verskille tussen oorkruiskulturele nieverbale kommunikasie waarvan jy bewus moet wees en gee EEN voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)

3.2 Na die sukses van jou PixelStack gebeurtenis, word jou HUB deur ‘n plaaslike televisienetwerk genader om oor die gebeurtenis te praat.

Watter VYF riglyne sou jy aan jou HUB gee met betrekking tot televisietegnieke? (5 × 2) (10)

3.3 Noem en bespreek VYF faktore wat jy sou oorweeg wanneer geskikte media vir die geleentheid gekies word. (5 × 2) (10)

3.4 Dit is belangrik om foto’s van goeie kwaliteit gedurende die PixelStack geleentheid te neem.

Noem VYF praktiese wenke aan die fotograaf om goeie gehalte foto’s te verseker. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

3.5 Teken die volgende TABEL in die ANTWOORDBOEK oor. Onderskei tussen ‘n glansartikel en ‘n nuusartikel deur jou antwoorde in tabelvorm onder die regte opskrif aan te bied. (5 + 5) (10)

GLANSARTIKEL	NUUSARTIKEL

[50]

VRAAG 4

4.1 Noem TIEN sleutelelemente van ‘n jaarverslag. (10)

4.2 Verduidelik elkeen van die volgende kortliks:

4.2.1 Borgskap (2)

4.2.2 Donasie (2)

4.3 Waarom is dit belangrik om goeie verhoudinge met die regering te handhaaf? (3)

4.4 Noem DRIE faktore wat enige verhouding beïnvloed.. (3)

4.5 Hoe sou jy ‘n goeie verhouding met die media handhaaf? (5 × 2) (10)

4.6 Jy is deur jou HUB genader om ‘n nuwe logo vir die maatskappy te ontwerp.

Beskryf die VYF stadiums in die ontwerpproses wat jy sal volg. (5 × 2) (10)

4.7 Noem TIEN faktore wat ‘n maatskappy se korporatiewe beeld affekteer. (10)

[50]

GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou